

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 181

(November 1983)

Huwelik en Huisgesin

* * * * *

"As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs
werk die wat daaraan bou"

(Ps. 127:1)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die huwelik --'n gawe van God

U is of was waarskynlik getroud - of so nie, is die moontlikheid seker daar om u een of ander tyd in die huwelik te begewe. En somtyds wonder 'n mens:

- waarom juis só?
- waarom juis die huwelik?
- waarom die lewenslange verbintenis aan iemand van die teenoorgestelde geslag?

Vir die gelowige is die antwoord duidelik: omdat God dit só gewil het. God het die huwelik ingestel.

Hy het die huwelik as 'n gawe aan die mens gegee. Die huwelik het sy oorsprong in die ewige wilsbesluit van God. En Hy het die gawe van die huwelik aan ons geskenk in Sy ontfermende liefde. Want, het God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke" (Gen. 2:18)

Die instelling van die huwelik is dus 'n gawe uit die hand van God aan ons mense, om vir ons te dien tot lewensontplooing en lewensvolheid.

Asof met Sy eie hand bring God man en vrou in die huwelik bymekaar, en laat Hy sy seën rus op die huweliksverbintenis. Ons moet dan nie die huwelik beskou as 'n eiewillige, vrye menslike verbintenis wat na willekeur gesluit en weer verbreek kan word nie, maar as 'n unieke Godgegewe struktuur, wat na Sy Goddelike instelling moet fungeer volgens die wette wat God daarvoor neergelê het.

Soos wat God destyds vir Adam en Eva na mekaar gelei het, so laat Hy vandag nog die lewens van twee mense saamvloei tot een lewensstroom wanneer hulle in die huwelik tree;

- Hy gee aan hulle die gawe van die liefde;
- Hy bring hulle in vervoering oor mekaar;
- Hy laat twee mense één word, één van hart, één van sin, één van trou teenoor mekaar;
- En Hy voeg hulle uiteindelik saam in die huwelik sodat hulle ook één vlees word.

En die Here se eerste doelstelling met die huwelik is dat Hy nie wil hê dat sy kind alleen moet wees nie. Hy wil dat daar ontplooing en aanvulling en volheid en gemeenskap en kommunikasie moet wees.

'n Verdere doelstelling met die huwelik is dat die menslike geslag uitgebrei moet word, en dat daar kinders by God se verbondsvolk bygevoeg sal word. Ook vind die ouers by die geboorte van hulle kinders 'n diep emosionele vervulling en bevrediging.

God se bedoeling is verder ook dat die huweliksverbintenis sal berus op die volkome oorgawe van huweliksgenote aan mekaar;

- dat dit gekenmerk sal word deur 'n heilige liefde en 'n onderlinge trou teenoor mekaar;
- dat dit 'n hegte band sal wees gesmee deur 'n gemeenskaplike geloof en gevoel en beleving.

En dan is dit ook ten slotte God se bedoeling dat ons huwelik 'n weerspieëling moet wees van die band tussen die Bruidegom, Jesus Christus en Sy bruidskerk. Daarmee word bedoel dat die man sy vrou met totale, opofferende oorgawe sal liefhê. En van die vrou eis dit tere, sorgsame en troue wederliefde.

Alleenlik vanuit God se doelstellings met die huwelik kan man en vrou waarlike huweliksvervulling smaak! Wanneer ons, ons huwelik as gawe uit die hand van God aanvaar, en wanneer ons dit beleef en beoefen soos Hy dit wil, sal ons eenmaal as sy bruid ons Bruidegom met vreugdevolle verwagting tegemoetgaan!

Ds. Pieter van der Walt

'n Ryk Huwelik

As jy die lig nog nie gesien het nie, pla die donker jou nie. As jy nog nie die vreugde van 'n ryk huwelik gesmaak het nie, dan sal 'n arm huwelik jou ook nie pla nie.

'n Huwelik is ryk, nie wanneer daar baie geld deur die huishouding vloei nie, maar wanneer die man en vrou hulle huwelik inrig volgens die eise van die Skrif.

Arm huwelik

Die arm huwelik is nie noodwendig daardie een waar daar van vanmôre tot vanaand gekyf word nie. Natuurlik stomp rusies en verwyte, wantroue en selfsug 'n huwelik af tot 'n oppervlakkige en bykans blote saamwoon met mekaar. Te midde van duur geskenke en 'n blink motor kan die huwelik self redelik bankrot daar uitsien as dit nie op die regte fondament gebou is nie. En hierdie fondament is die liefde van Jesus Christus. As die liefde van God nie in die alledaagse praktyk van jou huwelik (én in al die fasette van jou huwelik) gestalte vind nie, dan vertoon jou huwelikslewe 'n baie skraal beeld.

Klein dingetjies

Dit is nie eenmalige groot dinge en baie geld wat jou huwelik opkikker nie. Die huwelik is soos 'n gebou met baie steentjies. En elke dag messel jy een steentjie met die sement van die liefde stewig in die gebou vas.

Die huwelik bestaan nie nét uit mooi woorde en asemrowende beloftes nie. Die huwelik is 'n daad! 'n Liefdesdaad!

'n Ryk huwelik blink. Dit straal die liefde van 1 Kor. 13 uit. Daarom is jy in jou huwelik teenoor jou huweliksmaat altyd geduldig en altyd vriendelik. Jy is teenoor hom (of haar) nooit afgunstig of grootpraterig of verwaand nie.

Wanneer jy in jou huwelik jou liefde teenoor jou huweliksmaat uitleef, dan handel jy teenoor hom (of haar) nooit onweloweglik nie, jy soek nooit jou eie belang nie, jy is nooit liggeraak nie, en jy hou ook nie boek van die kwaad nie.

In die huwelik bedek die liefde alles, dit glo alles, dit hoop alles, en dit verdra alles.

(1 Kor. 13:4, 5, 7.)

Spanwerk

Die man alleen of die vrou alleen kan nie aan die huwelik sy glans verleen nie.

Fil. 2:3 en 4 is onontbeerlik in die huwelik: "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van die ander." Wanneer daar wedersydse opregte selfverloëning in die huwelik is, wanneer die een die ander voed en koester (Ef. 5:29), dan word die huwelik sprankelend opgebou.

Wanneer jy jouself verloën voor jou huweliksmaat, dan verloor jy niks — inteendeel: Jy wen! Jy wen 'n verrykte huwelik! Want nou het jy die selfverloënde liefde wat Christus aan jou bewys het, in jou huwelik uitgelewe. Daadwerklike liefde laat jou huwelik blink! Dit verryk jou huwelik en maak jou ryk na jou gees.

Ds. A.H. Grove

Kinders — 'n gawe van God

Kinders sien baie uit na hulle verjaardae en na Kersfees. Dit is nie in hoofsaak omdat hulle 'n jaar ouer geword het, of om die geboorte van Christus te gedenk nie.

Dit is omdat hulle geskenke kry op daardie dae. 'n Geskenk is 'n gawe wat die ouers aan hulle kinders gee. 'n Geskenk en 'n gawe is presies dieselfde ding.

En dit is na daardie geskenk, daardie gawe, waarna hulle so uitsien. Daardie geskenk maak die hartjie van die kindjie bly. Dit vul hul harte met blydskap.

'n Mens kan die verwagting en die opgewondenheid in hul ogies sien blink terwyl die papier krakend oopgemaak word. So is ons kinders ook 'n gawe van God aan ons as ouers. 'n Geskenk van God wat Hy aan ons toevertrou. 'n Geskenk van God wat ons van harte met blydskap en vreugde moet vervul.

Terwyl die koms van 'n kindjie afgewag word blink die ouers se harte van dankbare afwagting. Hoe bevoorreg God nie die mens om 'n kindjie in Sy heilige Naam te ontvang nie!

Soos ons 'n geskenkie koop en dit eers aan ons behoort voordat ons dit dan aan iemand anders gee en daarmee toevertrou, gee God ook Sy kinders aan ons as gekooptes in Sy bloed.

Jy gee tog nie 'n geskenk aan enige mens nie. Jy gee dit aan iemand wat vir jou besondere betekenis het. En die geskenkie is ook iets besonders wat by die ontvanger pas. Dit is hoe ons as ouers 'n kind uit God se hand ontvang juis omdat ons vir God iets besonders is.

Ons moet onthou dat dit God se kinders is wat Hy aan ons toevertrou om ons met blydskap en dankbaarheid teenoor Hom te vervul. Daarom moet ons hulle grootmaak en opvoed volgens God se wil. Om 'n vader en moeder te word is 'n groot voorreg, maar ook 'n groot verantwoordelikheid. Salomo sing vol wysheid in Psalm 127 dat as die Here die huis nie bou nie, dit alles tevergeefs is. Maar luister net hoe gryp Salomo God vas in die voorreg van ouerskap: "Die vrug van die moederskoot is 'n beloning." (Ps. 127:3)

Die digter van Ps. 128:3 bou hierop voort: "Jou kinders is soos olyfboompies rondom jou tafel." Hulle gaan vrug dra as hulle groot bome geword het. Hulle moet soos 'n selfstandige boom word wat self kan ontwikkel en selfonderhoudend is. En dan sluit die digter af in Ps. 128:6 deur te sê dat sy beste wense oor jou gesin sal wees as jy jou kinds-kindere kan sien.

Maar het u geweet dat as u 'n kindjie in die Naam van die Here Jesus ontvang, dan ontvang u die Here Jesus? Jesus Christus sê in Mat. 18:5: "En elkeen wat een van hierdie kindertjies in My Naam ontvang, ontvang My."

Maar as ons met hierdie gawe van God mors wat Hy uit genade aan ons toevertrou het, en hulle nie opvoed in die vrese van God nie, ".....is dit beter dat hulle met 'n meulsteen om die nek in die diepte van die see wegsink." (Mat. 18:6).

Liewe vriend, waar kinders uit die genadige hand van God aan ons gegee word, besef ons dat sonder die seën van die Here, ons nie ons kinders kan grootmaak nie.

In die erediens word die seën van God ook oor hulle uitgespreek sodat ons hulle ook onder die seënende hand van God kan grootmaak, terwyl ons die naam van die Here loof en prys. Wie kan in ons lewensdag sonder die nabyheid van die seën van die Here leef en werk?

Laat ons dan met groot liefde oor ons kinders waak en hulle versorg soos ons hemelse Vader ons versorg. "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele." (Mat. 19:14)

Mag God ons en ons kinders seën.

Ds. Andries H. Mulder.

U het 'n ouerlike plig!

Miskien ken u dit.

Kinders wat u, noudat u oud geword het, nog net moeite en verdriet besorg het. Egskeidings, diefstal, verwaarlosing van u kleinkinders, onsedelikheid, selfs die skande van tronkstraf . . .

Dit is mos nie waarvoor u hulle grootgemaak het nie!

Maar miskien is u nog jonk, met kinders wat nog nie die huis verlaat het nie.

En nou al sien u reeds die simptome raak. Simptome wat later, as u ook oud geword het, sal ontaard in 'n kind wat vir u ook net moeite, smart en verdriet sal bring.

Dit is simptome soos vernielsugtigheid, lang vingers, 'n spoor van chaos en wanorde wat hulle volg waar hulle ook al gaan. Simptome van u woorde wat op dowe ore val . . .

Wees nou eerlik met uself.

Ten diepste is die oorsaak hiervan tog ongehoorsaamheid, wat nie deur u gestraf word nie.

En as dit die geval is, dan kla die Woord van God u aan: *U het u kinders nie lief nie!*

Ja, u het reg gehoor.

Spreuke 13:24 is tog duidelik hieroor: "Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is."

En besef dit baie goed! Hierdie woorde is nie uit die lug gegryp nie.

Die liefdesverhouding tussen 'n vader en sy seun, en ook die tugtiging binne die liefdesverhouding, is gebaseer op die liefdesverhouding tussen God en sy kinders.

". . . Want die *Here* straf die mens wat Hy liefhet, net soos 'n vader doen met sy seun"

(Sien ook Hebr. 12:6.)

Tugtiging is dus 'n wesenlike bestanddeel van 'n liefdesverhouding

- tussen God en Sy kinders
- tussen 'n vader (en moeder!) en hulle kinders.

Die implikasie hiervan moet dus vir u duidelik wees:

- Sonder tugtiging kan daar van liefde geen sprake wees nié!

Sonder tugtiging sal met u en u kinders gebeur wat met Eli en sy seuns gebeur het. Die seuns van Eli, die hoëpriester, was deugniete, wat God ook nie erken het nie. (1 Sam. 2 : 12.) God het Eli laat waarsku (1 Sam. 2 en 3.)

Let wel: *Eli* is gewaarsku, sodat hy sy seuns kon tugtig, en die regte pad wys. Sy seuns is nie gewaarsku nie — hulle *vader* moes hulle tereg wys.

Eli het egter nie die bevel van God gehoorsaam nie, en op een dag is Eli en sy twee seuns deur God met die dood gestraf. (1 Sam. 4.)

Hieruit is dit duidelik — u het die verantwoordelikheid om u kinders in die vrees van die *Here* groot te maak.

Hulle kan nie vanself goed grootword nie — God het aan u die gesag gegee om hulle goed groot te maak.

Meer nog — u sal ook eendag aan God rekenskap moet gee aangaande die gesag wat Hy aan u gegee het.

- U is dus verantwoordelik vir u kinders se gedrag.
- U moet hulle die regte gedrag aanleer van kleins af.
- Die Bybel is daarvoor u norm en maatstaf.
- Regte gedrag is gehoorsaamheid aan u, maar bowenal gehoorsaamheid aan God.

Die groot en verantwoordelike taak wat Hy ons oplê, is: "Moenie huiwer om 'n kind te straf nie, want as jy hom slaan, red jy sy lewe. Jy moet hom juis slaan om hom van die dood te red." (Spreuke 23:13, 14.)

Besef u nou

- u verantwoordelikheid?
- u liefdestaak?
- wat u Godgegewe gesag behels?
- wat ouerlike liefde werklik is?

Besef dan ook

- "sodat ons seuns soos plante kan wees, wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare, wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis" (Ps. 144:12).

L. S. D. du Plessis.

Die kind in die kerk

Een van die treffendste eienskappe van die Christelike geloof is dit:

- Dat die gelowige aanvaar: Sy kind is die *eiendom* van die Here! Gaan lees gerus Exodus 13:2 waar daar staan: "*Alles wat die moederskoot open, onder mense én diere, dit is myne, sê die Here*".
- Eiendom van die Here!

Ons bely dit ook in die doop: Gewas in die bloed van Christus, het ons kinders die eiendom geword van die Here!

In die opvoeding van jou kind, is dit dus belangrik om te onthou dat jy besig is met die eiendom van die Here! Dit is God wat deur Sy Gees in jou kind werk, met jou die ouer, as instrument!

Vertroue

Die kind van vandag leef in 'n gevaarlike en onveilige wêreld. Die ouerhuis moet vir hom 'n plek en gevoel van veiligheid wees . . .

- daar waar hy tuis is
- waar hy veilig voel
- waar hy vertroue ervaar.

Deur jou voorbeeld leer jou kind om jou te vertrou. As hulle later tot die geloof kom leef die vertroue op God voort . . .

- vertroue in God
- vertroue in Sy kerk
- vertroue in Sy Woord.

In die kerk.

En geliefde leser, die plek waar geloofsvertroue opgebou word en waar jou kind sekerheid kan vind, is die kerk!

Die Kerk ja!

- in die erediens waar God Sy kinders ontmoet;
- in die erediens waar God Sy liefde uitstort oor elkeen;
- in die erediens waar die "hartklop" van God gehoor kan word.

Gaan lees 'n bietjie Psalm 84. Die psalmdigter beny die mossies en die swaeltjies.

Hoekom?

- Omdat hulle nassies digby God se altaar is.
- Hulle woon so naby God.
- Hulle kleintjies word daar groot: In die tempel . . . by die altaar. En dan sê hy in vers 5: "Welgeluksalig is hulle" . . .
- gelukkig is hulle om so naby God te wees . . . in Sy Kerk!

En laat ons dit besef: In die Kerk is absolute en volmaakte vreugde en vrede!

Gun jou kinders dit.

- Leer hulle dit.

— Hulle is deel van God se volk.

— Hulle is God se eiendom.

Niks wat 'n ouer sy kind gee, weeg op teen dit wat hy in die kerk ervaar nie.

Want dáár hoor hulle en word hulle daarvan verseker dat Jesus Christus lewe!

Hy is ook vir hulle sondes gekruisig.

Ja, Hy is sêlf by hulle in die Kerk teenwoordig!

Sal ek en jy dan ons kinders hierdie voorreg ontsê?

Sal ons hulle weg hou van God?

Sal ons verhoed dat hulle van Sy liefde verseker word?

Nee, in die kerk leer my kinders God ken, in die kerk ontvang hulle die liefde van Christus en in die kerk ervaar hulle die Heilige Gees.

Die kerk is óók vir die kind bedoel!

Ds. Nico Ligthelm.